

Hoofstuk van die dag: Eksodus 28

> *Jy moet ’n blom van suiwer goud maak en daarop, soos op ’n seëlring, graveer: Aan Die Here Gewy. (vers 36)*

Die detail van die voorskrif vir die maak van die hoëpriester en ander priesters se klere, asook die hoë vakmanskap (vers 2

en 3), het net een doel: dit moes die boodskap kommunikeer dat die priesters in God se diens is, nie in die volk s'n nie. Daarom moes dit waardig en mooi wees om te pas by die Een in Wie se diens hulle is en Wie se verteenwoordigers hulle is. Daarom was daar ook 'n roset op die hoëpriester se tulband waarop die woorde "Heilig vir die Here" gegraveer is (2020-vertaling).

Die twee oniksstene op die skouerbande van die skouerkleed, asook die twaalf halfedelstene op die borssak van die hoëpriester het die name van al die stamme van Israel daarop gegraveer gehad. Dit moes die hoëpriester voortdurend herinner dat hy die volk van God verteenwoordig en die volk se belange voor God moes behartig.

Ons is ook priesters (vgl 1 Pet 2:9) om God by mense te verteenwoordig, en vir mense by God in te tree. Wat 'n ontsaglike verantwoordelikheid en voorreg!



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video's en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant

Hoofstuk van die dag: Eksodus 27

> *Beveel die Israeliete om vir jou besonder suiwer olyfolie vir die lampe te bring sodat die lig voortdurend kan brand. (vers 20)*

Partykeer hoor ’n mens iemand sê: “God het my nou eenmaal so gemaak en so gelaat staan.” Daarmee verontskuldig die persoon hom- of haarself vir swak gedrag, laksheid, onbedagsaamheid, noem maar op. Asof dit God se skuld is!

As ’n mens vers 20 lees, sien jy dat God nie sommer met enige olyfolie tevrede is nie. Net die beste is goed genoeg. Net óns beste is goed genoeg. Die Gees is immers besig om ons te verander om soos die Here Jesus te word (2 Kor 3:18). Dís wat God vir ons beoog. Om die heel beste te wees wat ons kan. Soos Jesus! Geen verontskuldiging sal werk nie; nie as ons God wil eer nie.

Wat die opdrag verder betekenisvol maak, is dat die Israeliete die olie moet bring. God, wat water uit ’n rots kan laat vloei, wat manna en kwartels kan stuur, kon mos maklik die olie voorsien het. Maar dis nie hoe dit werk nie. Ek en jy moet self die bydraes lewer. Dít is vir die Here aangenaam.



- Tuisblad
- Rubrieke
    - Bybelkarakters
    - Gebede
    - Soos ek dit sien
    - Lees die Bybel saam met my
    - Kortverhale
    - Wag op die Here!
- Preke
    - Video’s en teks van my preke
    - Potgooi van die preke
- Meer oor …
    - Jaco se Bybelkoerant
    - Die Bybelkoerant-konsep
    - Jaco Thom
    - My boeke
    - Privaatheidsbeleid
    - Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting
    - Bankbesonderhede
- Boekwinkel
- Soek

Hoofstuk van die dag: Eksodus 26

> *jy moet die voorhangsel, met hakies aan die binnekant, ophang. Sit dan die ark met die getuienis daarin, agter die voorhangsel. Die voorhangsel moet vir julle die Heilige van die Allerheiligste skei. (vers 33)*

Die tabernakel, of tent van ontmoeting (Eks 29:42) het twee dele gehad. Die Heilige waar die priesters wat diens doen, kon kom, was die voorste deel. Hier het die tafel met toonbrode gestaan, asook die menora of kandelaar (vers 35). In die Allerheiligste is die ark van die verbond met die versoendeksel bo-op. Slegs die hoëpriester mag hier gekom het, en dit net een keer per jaar op die Groot Versoendag (Lev 16:2-3). Die Allerheiligste is van die Heilige geskei deur die voorhangsel, ’n swaar gordyn, om ongemagtigde toegang te verhinder.

Toe Salomo later ’n tempel gebou het, het hy hierdie selfde voorskrifte gebruik. Daar was ook die twee dele in die tempel, geskei deur die voorhangsel (2 Kron 3:14). Dieselfde plan is later gevolg met Herodes se tempel wat in Jesus se tyd bestaan het.

Met Jesus se sterwe het dié voorhangsel van bo tot onder middeldeur geskeur om die Allerheiligste oop te maak (Mark 15:38). Nou het ek en jy vrye toegang tot God se troon (Heb 10:19-20). Kom ons maak daarvan gebruik!



- Tuisblad
- Rubrieke
  - Bybelkarakters
  - Gebede
  - Soos ek dit sien
  - Lees die Bybel saam met my
  - Kortverhale
  - Wag op die Here!
- Preke
  - Video’s en teks van my preke

Hoofstuk van die dag: Eksodus 25

> *Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon. (vers 8)*

As 'n mens Psalm 139:7-10 lees, is dit duidelik dat God nie beperk is tot een enkele plek nie. Die Here Jesus bevestig dit in sy gesprek met die Samaritaanse vrou in Joh 4:21-24. Tog beveel God vir Moses om 'n heiligdom op te rig sodat Hy tussen sy mense kan woon.

Dié opdrag was waarskynlik nie ter wille van God self nie, maar ter wille van sy volk, sodat hulle 'n plek van aanbidding kan hê waarheen hulle met hulle nood en klag en lof en vreugdes kan gaan.

Die aanbiddingsplek wat God voorskryf, het baie verskil van dit wat die Israeliete in Egipte gesien het – massiewe en imposante tempels vir die veelheid van gode wat die Egiptenare aanbid het. In skerp teenstelling hiermee vra God 'n tabernakel, oftewel 'n tent. Dis 'n tydelike woning. Later,

toe Dawid besluit om vir die Here ’n tempel te bou, is Hy glad nie gemaklik daarmee nie en sê Hy reguit dat Hy dit nooit gevra het nie (2 Sam 7:5-7).

Groter, imposanter, blinker, luukser, spoggeriger is nie gelyk aan beter as ons voor God leef nie.



Hoofstuk van die dag: Eksodus 24

> *… hulle het Hom gesien en daarna het hulle geëet en gedrink. (vers 11)*

Nadat Israel die Verbondsboek ontvang het (Eks 21 – 23), sluit die Here amptelik met hulle ’n verdrag of verbond: Hy sal hulle God wees, en hulle sy volk. Al die elemente van ’n verdragsluiting soos dit destyds tussen twee groot partye gedoen is, is hier aanwesig: die noem van die twee partye (die Here en Israel), die optekening van die verbondsbepalings (vers 4), die bring van ’n offer waarin bloed ’n belangrike rol speel (vers 5-7), en ’n ete (vers 11).

Moses se woorde (vers 8) herinner baie sterk aan die Here Jesus s’n in Luk 22:20 by die instel van die nagmaal (ook ’n ete!): “Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.”

Die verbintenis tussen die Here en sy volk kon net plaasvind in ’n persoonlike verhouding; daarom dat dit pertinent geskryf word dat hulle die Here *gesien* het. Nêrens elders in die Ou Testament word dit herhaal nie.

Later (Joh 20:29) sê Jesus vir Tomas: “Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.” Want ’n persoonlike verhouding tussen ons en die Here Jesus is nie op aanskoue gebou nie, maar op geloof.



- Tuisblad

Hoofstuk van die dag: Eksodus 23

> *Jy mag nie agter die meerderheid aan doen wat verkeerd is nie. Wat jy in ’n hofsaak getuig, mag jy nie verdraai nie, al doen die meerderheid dit ook. (vers 2)*

’n Mens skrik eintlik as jy hierdie woorde lees. Die sanksie van die samelewing tel vandag baie meer as die riglyne van die Skrif. Mense maak soos hulle lus het, want “almal doen dit tog.” Dit beïnvloed die hele spektrum van die samelewing. Korrupsie het ons land bankort, gunslone is endemies, polisie

is dikwels deel van sindikate, mense lieg met die hand op die Bybel in die howe …

Ongelukkig raak dit ook ons persoonlike lewens. Mense woon saam sonder dat hulle getroud is, buit hulle naaste uit. Jy weet nie meer wie jy kan vertrou of kan glo nie. Ons sit met ’n enorme verkrummeling van etiese waardes.

Dít is waaroor God in Eks 23 begaan is. En dan herinner Hy ons ook daaraan dat ons nie masjiene is nie. Ons en ons werkers het rus nodig (vers 10 en 12). Ons is nie gemaak om 24/7 te werk nie. G’n wonder uitbranding is aan die orde van die dag nie.

Daar is maar net een manier om te leef: sensitief vir God se leiding (vers 21).

Onlangse Bydraes

- Juda
- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026